# BOEKBESPREKING.

**Die Nuwere Wysbegeerte aan die Vrye Universiteit**—deur Professor Dr. H. G. Stoker, M.A. (Verkrybaar by J. H. de Bussy, Bpk., Pretoria.)

**Die Wysbegeerte van die Skeppingsidee of Grondbeginsels van 'n Kalvinistiese Wysbegeerte**—deur Prof. Dr. H. G. Stoker. (Firma J. H. de Bussy, Pretoria. H. A. U. M. v/h. Jacques Dusseau & Co., Kaapstad).

Die werk wat deur Professor Vollenhoven en Professor Dooyeweerd in Holland en deur Professor Stoker in Suid-Afrika gedoen word, is van groot betekenis. Hierdie werk, as dit voltooi kan word, sal daartoe meewerk om 'n gebrek en leemte, wat daar nog altyd in verband met die uitbouing van die Calvinistiese wêreld- en lewensbeskouing bestaan het, uit die weg te ruim. Die Calvinisme tog is in verband met wetenskappe soos b.v. Teologie en Regte in die loop van tyd uitgebou tot sistematiese konstruksies wat eerbied en respek afdwing. Op wysgerige gebied egter is dieselfde hoogtepunt nog nie bereik nie. Wel is daar op hierdie gebied deur die korifeë van die Calvinisme sekere fondamentele grondbeginsels neergelê en is daar op grondslag van hierdie beginsels op fragmentariese wyse raamwerkkonstruksies opgestel, maar 'n wysgerige stelsel wat enigsins op volledigheid en afgerondheid aanspraak kan maak, is op verre na nog nie gelewer nie. Die bogenoemde persone egter lê hulle tans met krag daarop toe om vanuit 'n suiwer wysgerige standpunt en volgens suiwer wysgerige metodes die Calvinistiese wêreld- en lewensbekouing ook wysgerig te konstrueer en uit te bou tot 'n afgeronde sisteem.

In die eerste van bogenoemde brosjures gee Stoker in skematiese vorm weer wat deur Vollenhoven en Dooyeweerd reeds uitgewerk is, terwyl hy tussendeur ten opsigte van sekere punte kritiek uitoefen en tewens aantoon in watter opsigte syns insiens verbeteringe aangebring kan word. In die tweede brosjure, wat in hoofsaak dieselfde terrein dek as die eerste, werk hy sekere beginsels nader uit en beklemtoon hy sekere nuwe aspekte van die reeds in hooftrekke gebode sisteem.

'n Samevatting van die inhoud van die brosjures kan ons hier nie bied nie. Ons volstaan met enkele van die mees fondamentele beginsels te noem en met enkele opmerkinge te maak in verband met die uitwerking daarvan.

Die eerste beginsel wat as uitgangspunt vir die wysbegeerte dien, is geleë in die noodsaaklikheid om 'n Argimedespunt of oriënteringspunt te vind, d.w.s. 'n punt vanwaaruit die terrein waarmee die wysbegeerte te doen het, as 'n geheel oorsien kan word. Stoker verwys daarna dat wyle Prof. H. Bavinck

die **openbaringsbeginsel** as Argimedespunt laat dien het. Hy toon dan aan hoedat V. en D. die **wetsbeginsel** as Argimedespunt neem. Stoker kan homself egter met geeneen van hierdie Argimedespunte tevrede stel nie. Immers, volgens hom laat hierdie beide orienteringspunte sekere probleme en probleemreste onverklaard bly. As die mees geskikte Argimedespunt aanvaar Stoker self die **skeppingsbeginsel**. Die betoog van Stoker teen die standpunt van V. en D. is vir my persoonlik nie so afdoende as sy betoog teen die standpunt van Bavinck nie. Wel sien ek voordeel in die feit dat die skeppingsbeginsel meer konkreet-dinamies is, terwyl die wetsbeginsel meer abstrak-staties is. Laasgenoemde beginsel sou maklik kan lei tot die leë formalisme waarteen V. en D. self so sterk waarsku as die euwel wat in die reel die nie-Calvinistiese wysbegeerte aankleef. Ek sou egter graag nader kennis wil neem van die uitwerking van hierdie kwessie, wat ons wellig kan verwag in die werk van Dooyeweerd, „De Wysbegeerte der Wetsidee", waarna ons alreeds 'n geruime tyd uitsien.

'n Tweede fondamentele beginsel—die beginsel wat die eintlike grondslag en tewens die karakteristieke kenmerk van die Calvinistiese wysbegeerte vorm—sien V. en D. in die bepaling van 'n grens tussen God die Skepper en tussen die kosmos as skepping. Die taak van die wysbegeerte is die bestudering van die kosmiese werklikheid in sy eenheid en veelheid, in sy onderworpenheid aan die wette en ordinansies wat deur God as Skepper en Wetgewer gestel word. God egter as Daarsteller van hierdie wette kan nie Self daaraan onderhewig wees nie. Alleen die kosmiese werklikheid is daaraan onderhewig. God mag dan ook nie betrek word binne die ondersoekingsterrein van die wysbegeerte nie. Nee, God is kragtens Sy absolute en bo-kosmiese wese **voor**-wysgerig. Hierdie beginsel, geleë soos dit is in die duidelike bepaling van die wet as grens tussen God en kosmos, asook in die afbakening van die kosmiese werklikheid tot eintlike objek van ondersoek vir die wysbegeerte, is sonder enige twyfel die mees essensiële en prinsipiele punt van verskil tussen die Calvinistiese en die nie-Calvinistiese wysbegeerte. In die blootlegging en duidelike formulering van hierdie beginsel moet die groot en blywende betekenis van V. en D. se wysgerige arbeid gesien word.

Uitgaande van sy Argimedespunt en handhawende die grensbeginsel tussen God en die kosmos gaan Stoker in beide brosjures dan voort om in hooftrekke aan te toon hoedat dit die taak van die wysbegeerte is om 'n getroue wêreldbeeld te konstrueer wat beantwoord aan die kosmiese werklikheid beide na sy eenheid en menigvuldige onderskeidenheid, 'n onderskeidenheid wat openbaar word in 'n aantal verskillende soorte van wetskringe en wat met mekaar in 'n verband staan van antisipasie en retrosipasie. Hieroor kan ek egter nie verder uitwei nie. Ek wens alleen op te merk dat ek in die algemeen, maar veral in sekere dele, Stoker se uiteensetting van die samehang en verhoudinge tussen die wetskringe as uitstekend geslaag beskou. Met sy handhawing van die substansie-begin-

sel in een of ander vorm in teëstelling met die handhawing van 'n blote sistase-beginsel deur die Amsterdamse hoogleraars kan ek my ten volle vereenselwig. Ook die uiteensetting van die tydsfunksie in verband met die wetskringe vind ek uitstekend.

Tenslotte nog net dit. Stoker se arbeid openbaar 'n mate van originele insig en deursig, van ontledende en kombinerende krag, wat benydenswaardig is. Ook slaag hy daarin om sy gedagtes en beskouinge op bevatlike wyse uiteen te sit. Sy styl en sy sinsbou egter is nie vry van vreemde, veral Duitse, taalkundige invloede nie. Af-en-toe word sy formuleringe gekenmerk deur langgerektheid, deur onnodige herhalinge, soms selfs deur 'n mate van lompheid. Meer akkuraatheid in verband met die agtervoegsels van sy byvoeglike naamwoorde moet in ag geneem word. In die algemeen kan sy Afrikaans verfyn en verbeter word. Maar hierdie dingetjies is kleinighede in vergelyking met die groot betekenis van sy werk.

Die Calvinistiese wysbegeerte mag hom in Suid-Afrika beroem op die gawe wat hy in Stoker besit. Ons sien met verlange en belangstelling uit na verdere publikasies van Stoker. Ons vertrou dat sy arbeid in aansluiting met die van die professore Vollenhoven en Dooveweerd in Holland nog 'n groot seën mag afwerp vir die Calvinisme in sy stryd teen die ongelowige wysbegeerte en wetenskap.

J. C. v. R.

———oOo———

**Dr. J. C. Rullmann—Dr. H. Colijn, een levensschets. A. W. Sijthoff's Uitgeversmij.—Leiden, 1933—prys, f. 1.90 (geb. f. 2.50.**

Hierdie boekdeeltjie van 182 bladsye is bedoel as 'n skets van die betekenis vir die openbare lewe van ons tyd (veral in Nederland) van Dr. H. Colijn, teenswoordig eerste Minister van Nederland. Dit is so aktueel moontlik gestel, met beklemtoning van Dr. Colijn se werk in verband met verskillende brandende vraagstukke van die dag, selfs nog in sy optrede as voorsitter van die Kommissie vir ekonomiese sake van die Ekonomiese Wêreldkonferensie in Londen, Junie 1933. Die skryftrant is lewendig, soos gewoonlik die geval is by Dr. Rullmann; 'n aantal portrette verhoog nog die lewendigheid van voorstelling.

Miskien egter was daar te veel 'n neiging by die skrywer om sy held gunstig voor te stel en gunstig veral volgens die stereotiepe Hollandse opvatting van wat 'n Christen-volksman moet wees. Dit, gepaard met 'n noodsaaklike afwesigheid van diepgaande ontleding van motiewe by bespreking van 'n nog lewende openbare persoonlikheid, maak die werk enigsins oppervlakkig. Graag sou ons ook meer verneem het van Colijn se prinsipiële vorming en van sy optrede as „petroleum-koning". Tog is die skets van Dr. Rullmann uitnemend geskik om 'n eerste kennismaking te verskaf met hierdie Kalvinistiese „sterk man" van Nederland, en veral om te bewys dat die

Kalvinistiese of Christelik-Nasionale beginsels (wat ons ook bely) uitnemende koersbepalers is ook in die meer ingewikkelde vraagstukke van ons moderne openbare lewe.

Om dit te beklemtoon stip ons hier aan dat Dr. Colijn veral voorgestel word in sy betekenis as reorganisator van Nederland se hoogsbelangrike Oos-Indiese Koloniale Ryk, as hervormer van Nederland se leer en vloot, as redder van Nederland se finansiële stabiliteit en as leier in die internasionale beweging tot ekonomiese wêreldherstel.

Enigeen wat graag kennis wil maak met 'n prageksemplaar van die Nederlandse nasionaliteit en met 'n eminente verteenwoordiger van moderne Kalvinisme sal groot voordeel trek uit hierdie werk. Dit is vir ons as Afrikaners veral interessant om te verneem dat hierdie beroemde Nederlandse Kalvinis uit beginsel 'n nasionalis is, maar tog nie vir gelykstelling van die gekleurde rasse nie, n vryhandelaar is maar tog bereid om proteksionisties op te tree ter afwering van die gevare van die moderne ekonomiese ontwrigting, 'n teenstander is van diktatuur maar tog kragtige handhawing van die regeergesag teenoor die versplinterende demokratisme.

L. J. DU PLESSIS.

—oOo—